# WARE SEKERHEID*

Nêrens anders in die wye wêreld sou ons vandag liewer wou leef as hier in ons eie Republiek van Suid-Afrika nie.

Hier is dit, in blakende sonlig, en dit behoort aan u. Ek sê dat dit die moeite werd is om daarvoor te veg. Dit is die moeite werd om daarvoor te lewe. Dit is die moeite werd om groot dinge daarvoor te doen. En dít is wat die mense van ons volk nog altyd gedoen het, die grotes en die tienduisende nederiges, elkeen op sy eie terrein, elkeen met die sekerheid in sy hart dat sy standpunt waar en reg was, sy doelstellinge rein en edel. So het hulle ons geskiedenis gemaak en aan ons volk 'n eie karakter gegee. So is ons Republiek geskep en gevorm deur mense op wie die volk kon vertrou. Dít is u Suid-Afrika, en as die dag aanbreek dat hierdie land van ons so besmet raak met die ondermynende en vernietigende denkrigtings van 'n verdwaasde en chaotiese wêreld, dat ons nie meer die kern, die hart en die siel van die bron van ons geestelike krag kan herken nie, dat ons ophou om mense te lewer op wie ons kan vertrou, sal ons ophou om as 'n volk te bestaan.

Dit is die taak van ons universiteite om ons mense se vermoëns as sosiale wesens te ontwikkel — nie om kluisenaars te skep, elk vasgevang in die sel van sy eie intellektuele strewe nie, maar om manne en vroue te lewer wat toegerus is om hulle plekke vol te staan in ons volksgemeenskap in volle meelewing met hul medemens, elk 'n individuele kragbron van vertroue en geloof in die toekoms.

Aan die graduandi vandag hier teenwoordig, my opregte gelukwense met die suksesvolle afloop van die goeie stryd. Mag daar vir u 'n vrugbare en gelukkige lewe voorlê. Ons volk wag op u. Wat u vir uself en vir ons volk gaan beteken, hang voortaan van uself af. Dit is ú taak, dit is ons taak, om hierdie lieflike land van ons wat met soveel moeite en verdriet deur ons voorgeslagte ontwikkel en opgebou is, nie net ongeskonde nie, maar groter en beter aan ons nageslag te oorhandig. En die uitdaging aan u, die uitdaging aan my, is dat, voordat ons Nat of Sap, verkrampte of verligte, Engelssprekende of Afrikaanssprekende is, dat ons, voordat ons enigeens van die dinge

---

* *Rede deur kmdt.-genl. R. C. Hiemstra, by die gradeplegtigheid, P.U. vir C.H.O., op 29 Maart 1968.*

is wat ons uitmekaar dryf, bo alles, en in alles, en deur alles, op die altaar van ons land die offergawes van ons talente plaas en nie daardie altaar beskou as 'n krip waaruit almal maar kan vreet totdat daar niks meer is nie.

Omdat hy 'n sosiale wese is kan die mens nie net vir homself leef nie. Net so min kan ons volk hom uit die volkeregemeenskap onttrek en net vir homself leef.

Ons is vandag die mees omstrede land in die wêreld. Selfs 'n aangeleentheid soos sport word opgeblaas tot 'n bittere strydpunt. Ons is ingetrek in die draaikolk van die wêreldpolitiek in 'n mate wat heeltemal buite verhouding staan met ons getalsterkte. In Asië en Afrika het meer as 700 miljoen mense hulself van Westerse gesag of verbintenisse vrygemaak. Oor die gehalte van daardie vryheid wil ek my nie uitlaat nie. Dit is belangriker om te besef dat wat gebeur het nooit weer ongedaan gemaak kan word nie.

Ons leef in die eeu van omwenteling, die eeu van die massa, miskien van die horde. Ons leef in 'n tyd van die massa-medium waardeur ons en miljoene mense almal deur dieselfde slagspreuke bearbei word, baie van hulle ondeurdag, sonder 'n bepaalde inhoud of betekenis.

Al hierdie dinge werk onsekerheid in die hand. Dit was vir ons nog altyd vanselfsprekend dat ons deel is van die Westerse familie van nasies en dat ons opvattinge ooreenstem met hulle s'n. En nou staan ons verbysterd wanneer ons die vyandigheid in eie familiekring ondervind en tot die besef kom dat daar in enkele dekades 'n groot verandering ingetree het. Ons moet ervaar dat die leuen nie meer met waarheid bekamp kan word nie. Ons word met geweld bedreig, konvensioneel en onkonvensioneel. Hoe moet ons in hierdie omstandighede ware sekerheid vind, en hoe kan u daartoe 'n bydrae maak?

Na my beskeie mening is dit gebiedend dat ons individueel en as 'n volk 'n paar fundamentele feite onder oë moet sien en moet aanvaar:

i. Ons is 'n klein volk.
ii. Ons is 'n volwasse en ervare volk.
iii. Ons leef in 'n stuwende komplekse gemeenskap van nasies.

As ons na ons getalsterkte kyk moet ons onsself afvra of daar ware sekerheid in getalle, in mag of krag, of in grootte lê. Ons het ons in die afgelope jare bewapen op 'n ongekende skaal en ons gaan daarmee voort. Ons staan vandag militêr veel

sterker as wat ons was op die hoogtepunt van die wêreldstryd van 30 jaar gelede. As die loop van dinge dit onvermydelik maak sal ons, trou aan ons volkskarakter, nie huiwer om al ons kragte in te werp nie, selfs al sou dit wees teen 'n oorweldigende oormag. Ek weet dat ons burgers bereid is om hul lewens te gee vir Suid-Afrika. Maar ons sal verkies dat hulle nie sal sterwe nie, maar sal lewe vir Suid-Afrika. Ons het ook die voorbeelde van magtige, groot en ryk wêreldryke, tot in ons tyd, wat in duie gestort het. Selfs in die oertyd was die dinosourus die grootste, die mees dinamiese kreatuur van sy tyd en hy is nie meer met ons nie. In grootte, mag en rykdom lê dus geen sekerheid nie en hoef dit ons nie te ontstel dat ons nie die getalsterkte van die grotes het nie, hoewel dit ongetwyfeld waar is dat die wêreld se benadering teenoor ons anders sou gewees het, as ons sterker was.

Maar ons het 'n volwasse volk geword. Ons het ons tyd van roem gehad en uitgevind dat roem net ydelheid is. Die jong geslag van ons stamlande in Europa weet niks meer van ons roemtydperk nie. Ons het ook populariteit verwerf toe ons die Britse Statebond in sy doodstryd bygestaan het, en uitgevind dat diegene wat vandag hosanna skree jou môre wil kruisig. Ook dít het geen betekenis meer nie en dieselfde Britse Statebond waarvan ons 'n lid was het ook geen betekenis meer nie. Al hierdie dinge het in die niet verdwyn en nie vir ons sekerheid gegee nie, maar net soos elke mens het ons volk van sy geboortedag af ervaring opgedoen en sy volkskarakter opgebou. Dit kan niemand ons ontneem nie, en daarin lê sekerheid.

Ons moet bou op ons ervaring van die verlede. Daarvan het ons drie eeue gehad. Daar is natuurlik 'n verskil tussen 300 jaar ervaring en een jaar se ervaring 300 keer herhaal. Die verskil is groei.

Agter ons lê 'n verhaal van heldhaftige stryd om selfbehoud, van oorwinning en van wonderbaarlike groei waarin gebeurtenisse ons leermeesters was wat ons tot volwassenheid gevoer het. Groei beteken aanpassing. Dit is wat die dinosourus nie kan doen nie. In die groeiproses van ons volk het ons ons aangepas by die fisieke toestande van ons land en by die verskillende volke wat ons in daardie proses ontmoet het. Dit was meesal 'n pynlike proses, maar na 'n honderd jaar het ons twee blanke taalgroepe by die stigting van Unie in 1910 'n huwelik aangegaan, en net soos in elke goeie huwelik het die proses

van aanpassing daarna voortgegaan. 'n Huwelik bring ook mee dat die twee lewensmaats mekaar se integriteit moet aanvaar, en dat die een nie die ander se eie identiteit moet probeer vernietig nie. Dit skep eenheid en 'n gelukkige gesin, en daarin lê sekerheid, sekerheid vir die individu en vir die gesin. As ons nie op daardie fondament wil voortbou nie, kan dit slegs tot verbrokkeling lei. Ons het genoeg ervaring gehad van die vernietigende uitwerking van verdeeldheid. Hierdie lesse in ons geskiedenis het ons duur gekos. Moet elke geslag hierdie lesse dan weer oor leer omdat hy hom nie aanpas by die groei van sy volk nie? Of, soos die Biskop van Beauvais in Shaw se drama, *Die Heilige Johanna,* uitgeroep het: „Moet daar dan 'n Christus in elke geslag 'n folterdood sterf om diegene te red wat geen verbeeldingskrag het nie?"

Weens verdeeldheid het 'n Louw Wepener alleen gesterf op die Berg van die Nag. En as die donker van 'n bloedbeluste Afrika op ons toesak moet ons dan met verdeelde kragte die berg uit omdat ons die integriteit van ons wapenbroers nie wil aanvaar nie, Sap teenoor Nat, Engelssprekende teenoor Afrikaanssprekende, verkrampte teenoor verligte?

Ons het 'n taalstryd gehad en ons het hom gewen soos wat geen ander tweetalige land ons dit kon nadoen nie. Moet ons daardie stryd opnuut ontketen, in die teenoorgestelde rigting, deur ons taal in alle omstandighede en te alle tye op ons Engelssprekende medeburgers af te dwing, soos wat hulle met ons gedoen het? Is dit wat taalhandhawing moet beteken?

As hoof van ons land se weermag heg ek die grootste waarde aan eendrag, want dit maak mag. Eenheid in ons verskeidenheid, die verskeidenheid waarin ons opgegroei het, daarin lê ware sekerheid. Laat ons deur suiwer denke helderheid kry oor die dinge wat ons verdeel.

Ons het as volk in hierdie groeiproses 'n vaste karakter ontwikkel met mooi en sterk eienskappe, standvastigheid, eerbaarheid, verdraagsaamheid, vreesloosheid, deursettingsvermoë en ons het volwassenheid bereik. In volwasse optrede, na binne en na buite, moet ons ons sekerheid soek.

Ons leef in 'n kompleksie wêreld. In hierdie wêreld is ons vandag die sterkste land in Afrika. Ons dra verantwoordelikheid vir die veiligheid van die suidelike oseane. Ons het in 'n hoë mate selfversorgend geword, ook wat swaar nywerhede betref. Ons word gerespekteer in die wetenskaplike wêreld. Ons

volk is geen kind meer onder die volke nie. En nou moet ons as 'n volwasse volk ook ons plek in hierdie komplekse wêreld begin volstaan. Die soeklig van die tyd skyn op ons en ons kan ons aan daardie ligkol nie onttrek nie. As ons geen nut sou hê vir die volke rondom ons nie, as ons nie geroepe voel tot algemene diens en ontwikkeling in Suider-Afrika nie, sal ons geen sekerheid vind nie en as 'n beskawende krag 'n treurige mislukking wees. 'n Volk, net soos 'n mens, wat geen doel buite homself het nie, is verlore.

Net soos die individu sekerheid vind in gesonde menslike verhoudinge met sy medemens, so vind volkere ook ware sekerheid in gesonde verhoudinge met hul medevolkere. Ons het die vermoë om die kragbron van 'n groter voorspoedsgebied in Suidelike Afrika te wees. Die omliggende state is van ons hulp en leiding afhanklik en kan trouens nie sonder ons leef nie. Afrika het ons nodig, en die wêreld het ons nodig hier in Afrika. As 'n volwasse volk word daar 'n nuwe rol in Afrika aan ons toebedeel.

Die logiese konsekwensie hiervan is dat ons vriendskaplike betrekkinge en samewerking moet soek met die Afrikastate buite ons grense, met wie ons hierdie reusagtige vasteland moet deel. Trou aan ons volkskarakter, moet die hoeksteen van ons verhoudinge met ander volke onderlinge agting vir die regte en aspirasies van andere wees terwyl ons vas staan op die regte en aspirasies van ons eie volk. Ons moet ons kennis, ons ervaring en ons tegniese vernuf tot die beskikking stel van Afrikastate wat met ons wil saamwerk tot almal se voordeel. Nie in stryd nie, maar in samewerking moet ons sekerheid soek. Ons was lank daaraan gewoond gewees, as gevolg van die Statebondsverbintenisse, dat die samewerking na buite eintlik vanself gekom het. Die na-oorlogse veranderinge het meegebring dat ons nou self daaraan moet arbei en dit moet soek.

Oral is verandering. En nou is daar mense wat sekerheid soek in 'n groef. Die enigste verskil tussen 'n groef en 'n graf is 'n kwessie van diepte. In 'n veranderende wêreld is daar geen sekerheid in 'n groef te vinde nie, net so min as wanneer die volstruis sy kop in die sand bêre.

Die mate waarin veranderinge vir jou 'n bedreiging inhou hang af van die wyse waarop jy reageer. As jy bang is vir veranderinge sal voortdurende verandering ook vir jou 'n voortdurende bedreiging inhou, maar as jy in veranderinge geleenthede

sien, beteken voortdurende veranderinge dan ook vir jou voortdurende geleenthede. As jy weier om by veranderinge aan te pas kan jou lot ook baie maklik dieselfde as dié van die dinosourus wees. Hiermee wil ek nie te kenne gee dat 'n mens op elke nuwe gril of by enige breë stroming moet aansluit nie.

U het die voorreg gehad van hoër onderwys aan 'n inrigting waar u akademiese vryheid geniet het, maar 'n vryheid wat nie los gestaan het van die volk waartoe u behoort nie — 'n vryheid wat gebonde gebly het aan die etiese opvattinge van ons volk en aan sy skoonste ideale.

En so moet u vryheid in u lewe vorentoe ook gebonde wees deur die gemeenskap en die volk waartoe u behoort, want dit is die gemeenskap waartoe die mens behoort wat aan hom sy beslag gee. Dit gee vir hom sy kleur, sy klimaat waarin hy moet gedy. As dit nie so was nie sou ons almal wees soos die ongelukkige, ontwortelde mense van die onophoudelike oorloë, soos 'n ongemeubileerde huis. As jy 'n normale mens uit sy gemeenskap wegneem, vernietig jy hom. Soos 'n boom in sy natuurlike habitat, kan 'n mens ook net groei in die klimaat van die instellings, gebruike, gewoontes en kultuur van sy eie gemeenskap. Daarin lê ware sekerheid en nie in die aanhang van allerhande vreemde grille en idees nie. Geleerdheid en ontwikkeling sonder die stralende lig wat kom deur kontak met en liefde vir jou medemens, is vir jou gemeenskap van net so min betekenis as infrarooi lig wat vir sy oog onsigbaar is. Dit is die saamleef en saamdoen met jou medemens, jou medeburger, wat jou tot hoogtes van prestasie opstoot wat jy nooit alleen sal kan bereik nie. Dit is die nut van die gemeenskap.

Maar deur aanvoeling by die massa te soek kan 'n mens net so maklik daal na die vlak van die massa as wat jy daar bokant kan uitstyg. Ek ken so baie mense wat graag die goeie wil maar wie se tere gevoeligheid vir hulle medemense hulle verhoed om die goeie te doen in geval hulle aanstoot sal gee of vir „anders" aangesien sal word — daardie andersheid wat mense tog so graag wil vermy. Dit is makliker om met jou medemens, op 'n grondslag van lae norme saam te leef as hoë norme — 'n soort gemeenskaplike deler te vind wat laag is eerder as hoog. Dit verg veel minder innerlike dissipline om jou hoër neigings te onderdruk, veel minder inspanning om soos 'n nuttelose droë stomp hout met die stroom af te dryf, as om soos die wakker salm teen die stroom op te swem.

Maar dit is ook waar dat swak geselskap en lae norme niemand kan ondermyn wat sy eie standaarde het tesame met 'n gesonde krag om te handhaaf wat syne is nie. Waar leiers die gemeenskap nodig het om in te groei soos bome die grond waarin hulle staan, is dit sekerlik nie nodig dat almal, soos die primitiewe mens, uit dieselfde bak hoef te eet nie. In hierdie komplekse wêreld is dit die aangewese weg om tussen die uiteindes die diagonale lyn te soek. Dit verg 'n fyn oordeelsvermoë en 'n gevoelige hart. Die leierspersoonlikheid sal sy beginsels vestig op 'n al suiwer wordende insig en sal die gemeenskap met al sy swakhede as die natuurlike element aanvaar waarin hy sy leierskap moet uitoefen.

Die volwassenheid van ons volk en die verwordheid van ons tyd en ons omstandighede skep by ons 'n behoefte aan jong manne en vroue met vaste karakter, wat geleer het om vir hulself te dink en op grond van sinvolle denke te handel. Dit is hulle wat ons volk se karakter die toekoms moet indra. Dit is hulle wat met insig, begrip en onderskeiding die geleenthede van ons tyd moet aangryp om ons volwassenheid in sekerheid verder uit te bou. As u dit nie doen nie sal al u geleerdheid net soveel dooie hout wees.

In die mate waarin u in u eie denke selfstandig word en sekerheid in uself vind oor u geestelike waardes, in daardie mate sal u ware sekerheid vind en uself en u volk kan staande hou. Soos wyle dr. Malan gesê het: glo in uself, glo in u volk en glo in God.

In die verwarrende tyd wat ons belewe kan ek aan geen beter raad dink as Paulus se opdrag aan die Filippense nie: „alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is — watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit". „Bedink dit", sê Paulus. Dit is die hoeksteen van u sekerheid. Maak 'n inventaris van hierdie dinge, dink daaraan en heg 'n waarde daaraan. Denke kom voor doen en ons groei soos die dinge waaraan ons dink. Die goeie is positief en die slegte is negatief.

Die graad wat vandag hier aan u toegeken word is 'n erkenning van u studie en ontwikkeling. U staan nou, net soos ons land as geheel, voor 'n nuwe fase in u lewens. U taak is om te dien en leiding te gee, om u bydrae te maak in die breëre uitbouing van ons land se invloedsfeer en verhoudinge met ander nasies, om ons volkswa verder teen die hoogtes uit te stoot.

In hierdie taak is daar nie plek vir mense wat stokke in die wiele wil steek nie of wat in groewe wil bly lê wat so maklik in grafte kan verander nie. Die uitvoering van die nuwe rol in Afrika wat aan ons toebedeel is, is nie die taak van ons politieke leiers alleen nie. Dit is die taak van elke individuele burger van ons land wat in die privaatheid van sy woning, in sy hart en in sy siel tot 'n helder begrip daarvan moet kom. Helderheid van denke in die formulering van u standpunte teenoor u volksgenoot en ander volke, en die talente van u hoof en hand, dit is hierdie dinge wat u op die altaar van ons land moet lê om vir ons volk ware sekerheid te skep.

Nie deur wapengeweld, of getalle, of rykdom nie; nie deur die napratery van holle slagkrete nie, maar deur die aanvaarding van die laste van ons volwassenheid, sal ons ons man kan staan teen die aanslae op ons vryheid, ons soewereiniteit en ons voortbestaan.